# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 8**

**VRAESTEL 3**

**NOVEMBER 2018**

**PUNTE:** **120**

**TYD:** **1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Langer transaksionele tekse [30]

   AFDELING B: Korter tekse [20]

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Jy moet AL jou skryfstukke BEPLAN.

5. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

7. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Skryf jou onderwyseres se naam op die buiteblad.

**STERKTE!!**

## AFDELING A: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Onthou om 'n kopplan en 'n beplanning te doen.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

### 1.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF:



Jy en jou gesin gaan na Ballito strand vir die Desembervakansie. Nooi jou maat uit om saam met julle te kom. Vertel jou maat van al die wonderlike dinge wat julle gaan doen.

[30]

**OF**

### 1.2 DIALOOG:



Jy en jou maat het na 'n BTS ['n Suid-Koraanse "boys band"] konsert toe gegaan. Julle het dit baie geniet Skryf nou julle gesprek in dialoogvorm neer. [30]

## AFDELING B: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Onthou om 'n kopplan en 'n beplanning te doen.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

### 2.1 DAGBOEKINSKRYWING:



Jy begin jou hoërskooljare.
Skryf in jou dagboek hoe jy daaroor voel en waarvoor jy bang is.

**ONTHOU:**

- Jou eerste dagboekinskrywing is geskryf die aand vóór jy Hoërskool toe gaan.
- Jou tweede dagboekinskrywing is geskryf ná jou eerste dag op Hoërskool [20]

**OF**

### 2.2 E-POS



shutterstock.com · 523869661

Jy het jou rolmodel op die strand gesien en met hom/haar gepraat. Jy was so opgewonde.
Skryf 'n e-pos aan jou maat waarin jy hom/haar van die ontmoeting vertel.

Onthou om die e-pos formaat te gebruik. [20]

**GROOTTOTAAL: [50]**